

BRAKPAN
KUNSWEDSTRYDVERENIGING
B.K.V.
2025 SILLABUS



www.brakpankunswedstryd.co.za

BRAKPAN EISTEDDFOD
ASSOCIATION
B.E.A.
2025 SYLLABUS



BRAKPAN KUNSWEDSTRYDVERENIGING
BRAKPAN EISTEDDFOD ASSOCIATION

Sewe EN TWINTIGSTE KUNSWEDSTRYD
TWENTY SEVENTH EISTEDDFOD

OPTREE-DATUMS/Dates of participating: 5 Mei 2025 – 30 SEPTEMBER 2025

- ❖ Na afloop van elke afdeling, sal elke deelnemer 'n sertifikaat ontvang en "itemwenner" sal op deelnemer wat die hoogste punt behaal het, se sertifikaat aangedui word, asook op die repliekvorm.
- ❖ At the end of every section, each participant will receive a certificate and "itemwinner" will appear on the certificate and Adjudicator form for the highest marks received.

INSKRYWINGS DATUMS/ Entry dates

Open: 13 Januarie 2025

Sluit/close: 14 April 2025/ 14 April 2025 (ALLE ITEMS) Vir navrae na 31 Maart 2025 of laat

inskrywings kontak: sekretaresse@brakpankunswedstryd.co.za

ALL ITEMS For enquiries after 14 April 2024 or late entries contact

sekretaresse@brakpankunswedstryd.co.za

Slegs aanlyn inskrywings word aanvaar vir individuele inskrywings. Skole mag massa inskrywings met bewys van betaling stuur aan sekretaresse@brakpankunswedstryd.co.za. s nie.

Only online entries will be accepted for individual entries: Schools that has mass entries can send their lists and proof of payment to sekretaresse@brakpankunswedstryd.co.za

- **INSKRYWINGSVORMS EN SILLABUSSE/ Entry forms and syllabus**

Op webtuiste, slegs aanlyn (geen harde kopie) / On the website, no hard copies

- **INSKRYWINGSFOOIE/Entry fees:**

- **Individuele Inskrywings/Individual entries:** R90,00 per item
- Duet of Ensemble R90 per participant
- R200 per Trio/Ensemble
- R250 per Quartet/Ensemble

VOCAL WITH SOUNDTRACK: R95 per vocal solo with soundtrack

R190 per vocal duet with soundtrack

R250 per vocal trio with soundtrack

R300 per vocal quartet with soundtrack

Group Entries:

5 – 10 members per group: R400 per group

Groups more than 10 participants: R600 per group

One act plays/ Tonele: R600 per group

Opvangdag: Adminfooi R50 – Geen itemwenners a.g.v. die feit dat dit buite afdeling is.



- **AANTAL INSKRYWINGS WAT INGESKRYF MAG WORD DEUR SKOLE/Amount of entries which may be entered by schools:**
 10 Seuns en 10 dogters per graad vir voorgeskrewe items/ 10 boys and 10 girls per grade for prescribed items
 Eie keuse slegs 10 deelnemers per graad/ Own choice – 10 per grade

BANKBESONDERHEDE:

***Begunstigde: Brakpan Kunswedstryd Vereniging, Bank:
 ABSA, Tak: Brakpan, Tjek Rekening 9060820968***

BESTUUR 2025

<u>Voorsitter</u>	Me. Elmarie Warnick (011) 813 4160 083 278 0847
<u>Tesourier</u>	Me. Karen Lues (011) 740-9630
<u>Sekretaresse en Ondervoorsitter</u>	Me. Theresa Lottering (011) 740 9630
<u>Adisionele lid (Sosiale media)</u>	Me. Simone Welding (011) 813 4160
<u>Adisionele lid</u>	Me Rochelle van der Merwe



AFDELINGSHOOFDE

Ligte Musiek/Light Music Instrumentaal en Sang Kore/Choirs	Me. Elri Bradford	(011) 740 9870
Afrikaans Grondslagfase + Spreekkoor Gr 4 - 7 + Spreekkoor Hoërskool	Me. Theresa Lottering Me. Mia Jacobs Me. Simoné Welding	(011) 740 9630 (011) 740 9630 (011) 813 4160
English Foundation phase Gr 4 - 7 High School	Me. Rochelle van der Merwe Me. Rochelle van der Merwe Me. Elmarie Warnick	(011) 740 0900 (011) 740 0900 (011) 813 4160
Dans/Dance	Me. Marlize Liebenberg	(011) 740 9630
Kuns/Art	Me. Simoné Welding	(011) 813 4160
Kore/Choirs	Me. Elri Bradford	(011) 740 9870
Redevoering & Public Speaking	Me. Zjanene Nieuwoudt	(011) 743 1842
Skryfkuns/Art of Writing	Me. Simoné Welding	(011) 813 4160
One act plays	Me. Elmarie Warnick	(011) 813 4160
LSEN Schools	Me. Elmarie Warnick Me. Rochelle van der Merwe	
Multimedia videos	Me. Simoné Welding Me. Rochelle van der Merwe	(011) 813 - 4160
Online adjudication (Other Provinces)	Me. Theresa Lottering Me. Karin Luës	(011) 740 9630



Jaarbeplanning/ Dates of participation 2025

Ligte Musiek/Light Music Instrumentaal en Sang Kore/Choirs	Me. Elri Bradford	(011) 740 9870	25 – 27 Sep	L/S Die Arend
Afrikaans Grondslagfase + Spreekkoor Gr 4 - 7 + Spreekkoor Hoërskool	Me. Theresa Lottering Me. Miake Jacobs Me Simone Welding	(011) 740 9630 (011) 740 9630 (011) 813 4160	28 Jul – 2 Aug 4 – 9 Aug 02 – 07 Sep	L/S Brakpan-Oos L/S Brakpan-Oos H/S Die Anker
English Foundation phase Gr 4 - 7 High School	Me. Rochelle van der Merwe Me. Rochelle van der Merwe Me. Simone Welding	(011) 740 0900 (011) 740 0900 (011) 813 4160	11 - 16 Aug 25 Aug – 30 Aug 1 – 5 Sep	Brakpan Primary Dalpark Private H/S Die Anker
Dans/Dance	Me. Marlize Liebenberg	(011) 740 9630	26 - 30 Mei	L/S Brakpan-Oos
Cheerleading/Drum majorettes	Me. Marlize Liebenberg	(011)740 9630	26 - 30 Mei	L/S Brakpan-Oos
Kuns/Art, Skryfkuns/Art of writing	Me. Simone Welding	(011) 813 4160	Indien: 18 - 20 Aug Afhaal: 26 Aug	H/S Die Anker
Redevoering & Public Speaking	Me. Zjanene Nieuwoudt	(011) 743 1842	19 - 23 Mei	Dalpark Primary
Tonele/One act plays	Me Elmarie Warnick	(011) 744 3708	21 – 23 Aug	H/S Die Anker
LSEN SCHOOLS	Me Rochelle van der Merwe/ Me Elmarie Warnick	(011) 740 0900	Per appointment	At LSEN Schools
Multimedia videos	Rochelle van der Merwe Simone Welding	011 740 0900 011 813 4160		Online
Aanlyn beoordeling/ Online adjudication – Ander Provinsies/ Other Provinces	Me T Lottering Me K. Luës	011 740 9630		Online

Opvangdag: Adminfooi: R50

Datum sal later bekend gemaak word, maar geen itemwenners sal aangewys word nie aangesien dit buite afdeling sal wees.



Adres van Skole van Optrede / Address of School of Participation

- Laerskool Die Arend: H/v Hendrik Potgieter en End Str, Brakpan
- Laerskool Brakpan Oos: H/v Wenden en Madeley St, Brakpan
- Brakpan Primary (Ou Hoogland): 37 Stoffberg Ave, Brakpan
- Hoërskool Die Anker: 131 Tweedy Straat, Brenthurst, Brakpan
- Dalpark Primary: Springs Road, Rand Colleries SH, Brakpan



TOEKENNINGS vir uitgenooies by PRESTIGE Geleentheid/Awards for invitees for Prestige Event

MEES UITSTAANDE Deelnemer /Most outstanding participant

Geen punte onder 85 % word in aanmerking geneem nie. Daar mag ook nie afdelingsweners aangewys word onder 85 % nie.

No marks below 85% will be considered.

VOORSKOOLS/ Pre school – Gr RR

- Mees uitstaande deelnemer in AFRIKAANS (Redenaars, skryfkuns, onvoorbereid en voorb. lees ingesluit)/ Most outstanding participant in AFRIKAANS (Redenaars, Skryfkuns, onvoorbereide en voorbereide lees included).
- Most outstanding student in ENGLISH (Public Speaking, art of writing and sight and prep reading – included)
- Mees uitstaande deelnemer in LIGTE MUSIEK (SANG + INSTRUMENTAAL)/ Most outstanding participant in Light Music (Vocal and Instrumental)
- Mees uitstaande deelnemer in KUNS en SKRYFKUNS/ Most outstanding participant in Art and Art of writing
- Mees Uitstaande deelnemer in Dans/ Most outstanding participant in Dance
- VEELSYDIGSTE DEELNEMER IN PRE-PRIMÊRE FASE/ Most versatile participant in the Pre-Primary phase

Grondslag FASE/ Foundation phase Gr R - 3

- Mees uitstaande deelnemer in AFRIKAANS (Redenaars, skryfkuns en onv. en voorb. lees ingesluit)/ Most outstanding participant in Afrikaans (Redenaars, skryfkuns en onvoorbereide en voorbereide lees) included
- Most outstanding participant in ENGLISH (Public Speaking, art of writing and sight and prep reading – included)
- Mees uitstaande deelnemer in LIGTE MUSIEK (SANG EN INSTRUMENTAAL)/ Most outstanding participant in Light Music (Vocal and Instrumental)
- Mees uitstaande deelnemer in KUNS en SKRYFKUNS/ Most outstanding participant in ART and ART OF WRITING
- Mees Uitstaande deelnemer in Dans/ Most outstanding participant in dance.
- VEELSYDIGSTE Participant IN DIE GRONDSLAGFASE/ Most versatile participant in the foundation phase.

SENIOR PRIMÊRE FASE GR 4 - 7

- Mees uitstaande deelnemer in AFRIKAANS (Redenaars, skryfkuns en onv. en voorb. lees ingesluit)/ Most outstanding deelnemer in AFRIKAANS (Redenaars, skryfkuns en onvoorbereide en voorbereide lees) included.
- Most outstanding participant in ENGLISH (Public Speaking, art of writing and sight and prep reading – included)
- Mees uitstaande deelnemer in LIGTE MUSIEK (SANG EN INSTRUMENTAAL)/ Most outstanding participant in Light Music (Vocal and instrumental)
- Mees uitstaande deelnemer in KUNS en Skryfkuns/ Most outstanding participant in ART and ART OF Writing
- Mees Uitstaande deelnemer in Dans/ Most outstanding participant in Dance
- VEELSYDIGSTE Participant IN DIE SENIOR PRIMÊRE FASE/ Most outstanding participant in the Senior Primary phase



HOëRSKOOL/ Highschool

- Mees uitstaande deelnemer in AFRIKAANS (Redenaars, skryfkuns en onvoorbereide lees ingesluit)/ Most outstanding participant in AFRIKAANS (Redenaars, Skrykuns and onvoorbereide lees included)
- Most outstanding participant in ENGLISH (Public Speaking, art of writing and sight and prep.reading – included)
- Mees uitstaande deelnemer in LIGTE MUSIEK EN INSTRUMENTAAL/ Most outstanding participant in Light Music and Instrumental
- Mees uitstaande deelnemer in KUNS of SKRYFKUNS/ Most outstanding participant in ART and ART of WRITING
- Mees Uitstaande deelnemer in Dans/ Most outstanding participant in Dance
- VEELSYDIGSTE deelnemer IN DIE HOëRSKOOL/ Most versatile participant in High School



(INSTRUMENTAAL EN SANG) /Instrumental and Vocal

LAERSKOLE + HOëRSKOLE/ Primary and High School

Sluitingsdatum vir Inskrywings/ Closing dates for entries:	14 April 2025
Datum van beoordeling/Date of adjudication:	11 - 13 September 2025
Lokaal/Venue:	Laerskool Die Arend h/v Hendrik Potgieter & End Strate Dalview, Brakpan
Afdelingshoof/ Section head:	Me. Elri Bradford
Kontak Nommer/Contact details sekretaresse@brakpankunswedstryd.co.za	

ALGEMENE REëLS/ Rules

1. Eie keuse in alle afdelings en daar word **NIE onderskeid getref tussen Afr en Eng nie.**/ Own choice in all sections. Afrikaans or English
2. Geen deelnemer mag vir 2 jaar dieselfde werk lewer nie/ No Participant can use the same word for 2 years.
3. Tydsbeperking van **2 minute** by solo items mag nie oorskry word nie/ Time limit of 2 minutes per solo item and are not allowed to exceed the time limit.
4. Die Kunswedstryd dien as voorbereiding om voor gehore op te tree en daarom behoort deelnemers baie deeglik voorbereid te wees. Kleredrag moet ook toepaslik wees vir openbare optrede/ The Eisteddfod are for preparation to act before a crowd and therefore participants must be well prepared.
5. Klanktoerusting en klankman asook mikrofone sal beskikbaar wees/ A Sound system with a sound engineer will be available as well as microphones.
6. Oorhandig die Stokkie/USB aan die klankman by die aanvang van die kategorie. Die Stokkie/USB moet behoorlik gemerk wees met die deelnemer se besonderhede en die snit wat gesing gaan word/ Please hand all soundtracks in at the sound desk, marked with names of participants.
7. Dit is die deelnemer se verantwoordelikheid om die bladmusiek en die Stokkie/USB weer af te haal na optrede/ It is the responsibility of participants to collect their USB. .
8. Elke leerder mag **slegs een lied per styl/genré** sing of speel/ Every participant can only participate with 1 song per style/genre.
9. Daar mag onder geen omstandighede gesprek met die beoordelaar gevoer word nie. Ontevredenheid moet deur die normale kanaal, soos in die "Reëls vir Mededinging" uiteengesit, hanteer word/ No discussions with the adjudicator is allowed. Complaints must be liased to the secretary of the Eisteddfod via e-mail.
10. NB: Geen lied mag in enige styl/genré **herhaal word nie/ No song** can be repeated in another style or genre.
11. Dieselfde lied mag nie met klankbaan en dan weer met begeleiding gesing word nie/ The same song are not allowed to be presented with soundtrack as well as with accompaniment.
12. **ALLE DEELNEMERS MOET 30 MINUTE VOOR DIE GEGEWE TYD AANMELD/ ALL PARTICIPANTS MUST BE AT THE VENUE 30 MINUTES PRIOR TO THE TIME GIVEN.**



INSTRUMENTAAL – (Styl/Genrés)/ Instrumental (Styles of genres)

Instrumente: **Enige instrument.** (Moet op die inskrywingsvorm aangebring word)./ Instrumental: Any instrument – must be liased upon registration.

- **Instrumentaal: GOSPEL/GEESTELIKE MUSIEK**
- **Instrumentaal: COUNTRY/FOLK**
- **Instrumentaal: BALLADE/BALLAD**
- **Instrumentaal: ROCK**
- **Instrumentaal: POP**
- **Instrumentaal: JAZZ OF BLUES**
- **Instrumentaal: KLASSIEK/ Classical**
- **Instrumentaal: Duo/Trio/Kwartet/Kwintet/Sekstet/Septet**
- **Instrumentaal: SLAGORKES/Strike force**



SANG (Styl/Genrés) Vocal (Styles or Genres)

- **SOLOSANG MET SELFBEGELEIDING/ Begeleiding (ENIGE INSTRUMENT)/ Vocal with own accompaniment/ accompaniment**
- **VERTOLKENDE SANG (KARAKTER)/Interpretive song (Character)**
Met klankbaan of begeleiding/ With soundtrack or accompaniment
Funksionele kostumering en beweging/ Functional costume wear and movement.
- **GOSPEL/GEESTELIKE MUSIEK**
Met klankbaan of begeleiding/ With soundtrack of accompaniment
- **COUNTRY/FOLK**
Met klankbaan of begeleiding/ With soundtrack or accompaniment.
- **BALLADE/BALLAD**
Met klankbaan of begeleiding / With soundtrack or accompaniment
- **ROCK**
Met klankbaan of begeleiding/ With soundtrack or accompaniment
- **POP**
Met klankbaan of begeleiding/ With soundtrack or accompaniment
- **JAZZ OF BLUES**
Met klankbaan of begeleiding/ With soundtrack or accompaniment
- **KABARET/CABARET**
Met klankbaan of begeleiding/ With soundtrack or accompaniment
- **MUSICAL/FILM**
Met klankbaan of begeleiding/ With soundtrack or accompaniment
- **DUET/TRIO/KWARTET**
Met klankbaan en of begeleiding/ With soundtrack or accompaniment
- **SANGGROEP (Meer as vier)**
Met klankbaan of begeleiding/ With soundtrack or accompaniment
Met of sonder dirigent/ With or without a conductor

**VOLTOOI ASB AANLYN INSKRYWINGSVORM/ Please complete online entries or alternatively contact
sekretaresse@brakpankunswedstryd.co.za**



KORE/Choirs

Sluitingsdatum vir Inskrywings:	14 April 2025
Datum van beoordeling:	11 - 13 Sep 2025
Lokaal:	Lokaal sal volg / Venue will be confirmed

Afdelingshoof:	Me. Elri Bradford
Kontak Nommer:	011 740 9870

Alle liedere wat in die programme aangebied word, is EIE KEUSE/ All songs that will be performed in a programme will be own choice

Begeleiding: Klavier en/of melodiese instrumente, ritmiese slagwerk/ Accompaniment: Piano or any melodic instrument.

Programme mag bv. Insluit/ Programme may include-

Gewyde liedere/ Gospel songs
Kanon/ Canon
SA Volkswysies/ South African Folk songs
Dogterskoor/ Girls Choir
Seunskoor/ Boys choir
Gemengdekoor/ Girls and Boys choir
Onbegeleid/ Acapella

Die keuse van die program sal in aanmerking geneem word by beoordeling/ The choice of programme will be considered with adjudication.

- **Grondslagfase Koor – Graad R - 3 / Foundation phase choir – Gr R - 3**

Program van drie liedere. / Programme of 3 songs

- **Laerskool Senior Koor - Graad 4 – 7/ Primary School Senior Choir – Gr 4 - 7**

Program van vier liedere. 2- of meerstemmig/ Programme of 4 songs - Polyphonic

- **Hoërskool Koor Gr 8 – 12/ High School Gr 8 - 12**

Twee of meerstemmig/ Polyphonic

Program van 4 - 5 liedere

**VOLTOOI ASB AANLYN INSKRYWINGSVORM/ Please complete online registration or contact
sekretaresse@brakpankunswedstryd.co.za**



AFRIKAANS

(Gr RRR – 12)

Sluitingsdatum vir Inskrywings: 14 April 2025

Datum van beoordeling: 28 Julie – 2 Aug 2025
Grondslagfase Afdeling (Gr RRR – 3)

Lokaal: Laerskool Brakpan-Oos
h/v Wenden en Madeleystrate.
Brakpan

Afdelingshoof: Me. Theresa Lottering
Kontak nommer: (011) 740 - 9630

Sluitingsdatum vir Inskrywings: 14 April 2025

Datum van beoordeling: 4 -8 Aug 2025
Senior Afdeling (Gr 4 - 7)

Lokaal: Laerskool Brakpan-Oos
h/v Wenden en Madeleystrate
Brakpan

Afdelingshoof: Me. Miake Jacobs
Kontak nommer: (011) 740 9630

Sluitingsdatum vir Inskrywings: 14 April 2025

Datum van beoordeling: 1 – 5 Sep 2025
Hoërskool Afdeling (Gr 8 – 12)

Lokaal: Hoërskool Die Anker
131 Tweedy Weg, Brenthurst
Brakpan

Afdelingshoof: Me. Simone Welding
Kontak nommer: (011) 813 4160



Reëls en Regulasies

1. Poësie: Slegs voorgeskrewe gedigte mag voorgedra word
2. Tensy die aard van die item kostumering vereis, tree deelnemers in skooldrag of swart voorgeskrewe dramadrag op.
3. **Gedramatiseerde spreekkore:** Beweging, kostuum en musiek word toegelaat
4. **Nie Gedramatiseerde Spreekkore:** Geen handgebare/musiek/kostuums. Slegs kop- en skouerbewegings is toelaatbaar.
5. **Spreekkore** se werke is eie keuse, maar moet ouderdomstoepaslik wees.
6. Geen deelnemer of ouer mag gesprekke voer met die beoordelaar nie. Klagtes moet deurgegee word via e-pos aan sekretaresse@brakpankunswedstryd.co.za

ALLE DEELNEMERS MOET 30 MINUTE VOOR DIE AANVANG VAN 'N AFDELING AANMELD.

Voltooi aanlyn Inskrywingsvorm of kontak sekretaresse@brakpankunswedstryd.co.za

ITEMS WAARVOOR INGESKRYF KAN WORD:

VOORGESKREWE POËSIE

(sien voorgeskrewe gedigte onder aan dokument)

EIE POËSIE

Dis eie keuse Poësie. 'n Ouderdomstoeplaslike gedig moet aangebied word. Dieselfde reëls vir aanbidding geld as by voorgeskrewe poësie. (GR. RRR- GR.12)

VOORGESKREWE POËSIE LSEN

(sien voorgeskrewe gedigte onder aan dokument)

VOORGESKREWE LIMERIEKE

(sien voorgeskrewe limerieke onder aan document Gr 1 - 7)

Eie keuse Limerieke (Gr R – 12)

Self geskrewe Limerieke (Gr 4 – 12)

GEDRAMATISEERDE SPREEKKORE - GRAAD 1 Eie Keuse

Beweging, klanke, musiek en kostuums toelaatbaar

GEDRAMATISEERDE SPREEKKORE - GRAAD 2 Eie Keuse

Beweging, klanke, musiek en kostuums toelaatbaar.

GEDRAMATISEERDE SPREEKKORE - GRAAD 3 Eie Keuse

Beweging, klanke, musiek en kostuums toelaatbaar.

GEDRAMATISEERDE SPREEKKORE – GRAAD 1 -3 Eie Keuse



Beweging, klanke, musiek en kostuums toelaatbaar.

GEDRAMATISEERDE SPREEKKORE - GRAAD 4 en 5 Eie keuse

Beweging, klanke, musiek en kostuums toelaatbaar.

NIE GEDRAMATISEERDE SPREEKKORE – GRAAD 4 & 5 Eie Keuse Slegs kop en skouerbewegings toelaatbaar. Geen kostuum.

GEDRAMATISEERDE SPREEKKORE - GRAAD 6 en 7 Eie Keuse

Beweging, klanke, musiek en kostuums toelaatbaar.

NIE GEDRAMATISEERDE SPREEKKORE – GRAAD 6 & 7 Eie Keuse

Slegs kop en skouerbewegings toelaatbaar. Geen kostuum

GEDRAMATISEERDE SPREEKKORE GRAAD 8 – 12 Eie Keuse

Beweging, klanke, musiek en kostuums toelaatbaar

NIE GEDRAMATISEERDE SPREEKKORE GRAAD 8 – 12 Eie Keuse

Slegs kop en skouerbewegings toelaatbaar. Geen kostuum

GEDRAMATISEERDE POËSIE – EIE KEUSE

Die geskrewe woord word verlewendig deur gemotiveerde gebare en bewegings.

MONOLOOG – EIE KEUSE

Gedeelte uit 'n toneelstuk, eenbedryf of verwerkte prosastuk kan gebruik word. Dit is 'n alleenspraak en die uitvoerder is deurgaans dieselfde karakter. Hier is dus geen beskrywende gedeeltes nie. Monoloë word in kostuum gedoen.

KARAKTERUITBEELDING – EIE KEUSE

'n Dramatiese voorstelling deur 'n persoon wat twee of meer karakters uitbeeld. 'n Saamhangende gedeelte uit 'n toneelstuk of enige geskikte stuk kan gebruik word.

MIMIEK – VOORBEREID – EIE KEUSE

'n Dramatiese voorstelling deur gebare. Geen dialoog mag gebruik word nie. **Mag nie dieselfde stuk in Engelse afdeling herhaal nie.**

MIMIEK - ONVOORBEREID

Deelnemer kry onderwerp 5 minute voor optrede

DUO MIMIEK VOORBEREID – EIE KEUSE

Twee persone gee 'n dramatiese voorstelling deur gebare. Geen dialoog mag gebruik word nie.

DUO MIMIEK ONVOORBEREID

Die twee leerders word 'n onderwerp gegee met 5 – 10 minute voorbereidingstyd. Die duo gee 'n dramatiese voorstelling deur gebare. Geen dialoog mag gebruik word nie



GROEPSMIMIEK – EIE KEUSE

'n Groep met 'n minimum van 3 persone gee 'n dramatiese voorstelling deur gebare. Geen dialoog mag gebruik word nie.

SAMESPRAAK – EIE KEUSE

'n Gedramatiseerde voorstelling (komies of dramaties) deur twee persone. 'n Gedeelte van 'n toneelstuk of 'n verwerking van 'n stukkie prosa kan gebruik word. Hier is geen beskrywende gedeeltes nie.

IMPROVISASIE

Geïmproviseerde spel en dialoog. 'n Onderwerp met 'n kort beskrywing sal 5 minute voor die aanvang van die wedstryd voorsien word.

DUO-IMPROVISASIE

Geïmproviseerde spel van 2 minute. 'n Onderwerp met 'n kort beskrywing sal 5 minute voor die aanvang van die wedstryd voorsien word.

GROEPS-IMPROVISASIE

Die onvoorbereide vertolking van 'n gegewe situasie of onderwerp, wat deur 'n groep (3 tot 5 persone), deur spraak en gebare, dramaties uitgebeeld word.

KETTINGVERHAAL

Daar word 'n minimum van 4 leerlinge en 'n maksimum van 6 leerlinge per inskrywing toegelaat. Onderwerp sal 5 minute voor optrede voorsien word, die kettingverhaal mag nie langer as voorgeskrewe tyd wees nie.

KONSERTVOORDRAGPROGRAM

(8 – 12 min)

Hierdie program moet enige 3 van die volgende items bevat:

Gedramatiseerde poësie
Gedramatiseerde prosa
Monoloog (komies of dramaties)
Dansdrama
Mimiek

Die item moet deur middel van bindingstek (voordrag of musiek) ineengeskakel word en moet op 'n bepaalde tema (eie keuse) gebaseer wees. LW! 'n Skriftelike program moet ingehandig word, anders sal die beoordelaar nie die deelnemer beoordeel nie.

Bogenoemde program moet die volgende bevat:

- Inhoudsopgawe wat die tydsduur van elke item sowel as die bindingstek aandui.
- Skutbladsye voor elke item met die items se naam daarop.
- Die item volledig uitgetik of baie netjies uitgeskryf.

EKSPERIMENTELE WERK

(8 – 12 min)



'n Groep deelnemers (ten minste 4, hoogstens 40) kan enige item aanbied, anders as wat reeds voorgeskryf is in hierdie sowel as die sangafdeling. Die aanbieding moet 'n bepaalde tema hê en drie van die volgende voordragte insluit:

Liriese gedig
Prosa (gewone of Bybelprosa)
Ballade of komiese gedig
Sonnet

Komiese of dramtiese monoloog of karakteruitbeelding van twee of meer karakters uit 'n samehandende gedeelte van 'n toneelstuk of gedig.

Kostumering (danse of drama) rekwisiete, musiek, klankeffekte en/of beligting kan ingeskakel word onder die volgende voorwaardes:

Alles word deur die deelnemers voorsien
Deelnemers ontruim dadelik na aanbieding
Slegs 5 minute vir die opstelling toegestaan

VERHAALVERTELLING - ONVOORBEREID

Dit is 'n onvoorbereide vertolking van 'n gegewe onderwerp. Tydens beplanning moet vindingrykheid en verbeeldingskrag gebruik word om die storie realisties en met gemak voor te dra. Die verhaal moet 'n inleiding, klimaks en slot hê. Geen bewegings of gebare.

PRENTVERTELLING - ONVOORBEREID

Kandidaat kry 'n prent wat hy/sy vir 5 minute mag bestudeer. Dan word 'n mondeling verhaal uit die prent gebou. Die verhaal moet 'n naam kry en moet 'n inleiding, klimaks en slot hê. Geen bewegings of gebare.

ONVOORBEREIDE LEES

Hierdie item handel nie slegs oor leesvlotheid nie, maar oor die onvoorbereide vertolking van 'n leesstuk deur emosie, spraak en gesigspel. Leesstuk word deur die beoordelaar voorsien.

VOORBEREIDE LEES – EIE KEUSE

Hierdie item handel nie slegs oor leesvlotheid nie, maar oor die onvoorbereide vertolking van 'n leesstuk deur emosie, spraak en gesigspel. Leesstuk word by die huis voorberei en deur deelnemer saam gebring.

VOORBEREIDE GROEPLEES – EIE KEUSE

'n Groep berei 'n drama, radiodrama of geskikte prosastuk voor en bied dit aan as vertolkende lees. Daar moet verskillende karakters in die stuk wees. Vertelgedeeltes mag deur 'n "verteller" voorgelees word. Byklanke mag gebruik word, maar slegs om die verhaalverloop te ondersteun. (Bv 'n klop aan die deur, donderweer, blaffende honde). Musiek aan die begin en/of einde, moet slegs inleidend en afsluitend wees. Die klem lê op vlot, vloeiend en vertolkende lees. Maksimum tyd 5 minute.

PROSA (STIL) – EIE KEUSE

'n Gedeelte word voorgedra uit 'n erkende boek. Geen bewegings word toegelaat nie.

GEDRAMATISEERDE PROSA – EIE KEUSE

Die geskrewe woord word verlewendig deur gemotiveerde gebare en bewegings.



BYBELPROSA – EIE KEUSE

Voordrag uit enige erkende vertaling van die Bybel. Geen beweging word toegelaat nie.
Skep 'n gewyde atmosfeer.

BEWEGINGSDRAMA – VOORBEREID – EIE KEUSE

'n Bewegingsdrama word opgevoer deur 'n groep van 2 of meer persone. Dit beeld ervarings, emosies en gemoedstoestande uit eerder as gebeure. (Bv. die ervaring van 'n verhouding wat opbreek en die meegaande emosies eerder as hoe dit gebeur, met wie die gebeur en waarom). Dit kan gebaseer word op die ervarings en gevoelens wat 'n spesifieke storie, gedig, lied, ens. oproep. Musiek en byklanke kan gebruik word asook enkele toepaslike objekte. Geen dialoog word gebruik nie.

KREATIEWE GROEPSADVERTENSIE - ONVOORBEREID

'n Minimum van drie kandidate neem deel. Elke groep sal 30 minute voor die aanvang van die afdeling 'n keuse van twee produkte deur die beoordelaar gegee word as stimulus, bv. seeppeier, 'n rekenaar. Geen kostuums of rekwisiete mag gebruik word nie.

VOORGESKREWE POËSIE

GRAAD RRR DOGTERS

(Een van die volgende)

<u>OOIEVAAR</u>	<u>DIE WOONSTEL</u>
Ooievaar, sê tog vir my Waar jy al die babas kry? As jy dit vir my vertel Wil ek een op sig bestel. <i>JF Spies</i>	Ons is nou in 'n woonstel tuis. Drie kamers het dit met kombuis, Pa sê as Ma nog babas kry Koop ons 'n huis om in te bly. <i>Elizabeth Snyman</i>

GRAAD RRR SEUNS

(Een van die volgende)

<u>DIE GROOTMAN</u>	<u>'n SNAAKSE DIER</u>
Ek kan myself al aantrek Dit moet 'n man kan doen Maar sukkel my nog vrek Met die veters van my skoene <i>Marina Labuschagne</i>	My hondjie is 'n snaakse dier Hy kry sommer 'n snaakse gier Dan jaag hy reisie soos 'n perd En dit agter sy eie stert! <i>Julie Heynecke</i>

GRAAD RR DOGTERS

(Een van die volgende)

<u>NAGEREG</u>	<u>ROOI SKOENTJIES</u>
'n Lekker vars rooi aarbe Met 'n skeppie vla daarby!	Skoentjie, skoentjie aan my voet – Jy is rooi, en lyk so goed!



Laat my maag nog honger bly!
Kan ek nog 'n skeppie kry?

Dis sowaar 'n groot geluk,
Dat jy nie my tone druk!

GRAAD RR SEUNS (Een van die volgende)

SEEPSKUIMBOELA

Daar lê 'n vuil modderstreep
Dwarsoor jou regterwang
As jy dit nie gaan afwas nie
Sal seepskuiomboela jou vang.

DIE NUWE KAR

Drr Drrr
Pappie het 'n kar gekoop
Drr Drr
Wie ry saam?
Die mamma en die pappie
En die Christo-kind!

Uit verse wat vonkel

GRAAD R DOGTERS **(Een van die volgende)**

EKKE

Ek is my pappa se oulikste kind
Mamma noem my haar liefste ding
Oupa spog – Jy's vinnig soos die wind.
Maar Dis Oumalief wat
Stories vertel en mooi liedjies sing!

WAAROM?

My mamma draai my hare saans
In knoppies teen my kop
En smôrens kam sy almal uit,
Dan lyk ek nes 'n pop
Dan sê sy altyd baie trots,
Dit is die moeite werd.
Maar waarom – kan jy my dit sê –
Krul 'n vark se stert?

IN DIE KOMBUIS

Mamma berei ons eetgoed voor
Met meel en suiker kan sy tog toor!
Dis proe-proe hier!
En klits-klits daar!
En kyk daar staan 'n groot koek klaar!

Marie Storm

DIE MUIS

In ouma se huis
Woon 'n vet ou muis
In 'n donker gat in die vloer.
Nou kan ek verstaan
Waar kom Kietsie daaraan
Om heeldag daarin te wil loer

Joan Hugo

GRAAD R SEUNS (Een van die volgende)

VLOOITJIE

Daar's 'n vlooitjie
In my kooitjie
En my hondjie soek daarna
Want 'n hondjie

JOU STOUTE KAT

Jou stoute kat –
Gee Pad! Gee Pad!
Jy maak die voëltjies baie bang
Ek skiet jou vrek



Sonder vlooitjie Sal mos altyd, altyd kla!	Met hierdie rek As jy net een ou voëltjie vang <i>Elizabeth van der Merwe</i>
<u>DIE KRAAN HUIL</u> En hoekom huil die kraan, Wie het vir kraan geslaan? Loop en vra vir Oupa Uil Hoekom hierdie kraan so huil. Uil sê: "Hoe-hoe, hie-hie, hiepie! Kraantjie huil nie, kraantjie piepie! <i>F du Plessis</i>	<u>JITTE TOG</u> Jitte tog, Toe Jannie nies Byt 'n vlooi hom in die kies Gryp die hamer, Slaat hom dood! Tandeloos Word Jannie groot! <i>Phillip de Vos</i>

GRAAD 1 DOGTERS

(Een van die volgende)

<u>APPEL</u> 'n Lekker geel appel om lekker te byt	<u>MY NUWE BOETIE</u> Almal het vir my gesê
---	--



O goeiste! O aarde! O liewe tyd! Arme wurmpie se klein ou koppie is skoon mors-morsaf gebyt! <i>Ulrich Gerryts</i>	Dis lekker om 'n baba-boetie te hê. Ons sou kamtig so heerlijk speel Maar moenie glo nie – Wat ek doen, kan hom min skeel. Mamma het hom verniet gekoop En – kan jy jou verbeel – Hy is in 'n rok gedoop! Boonop is daar duur vir hom betaal – Nee wat, hy moet liewer terug na die hospitaal.
<u>AMANDELS</u> Amandels het 'n harde dop, Eendag tel ek self een op. Ek sê vir Boet: “stamp dit vir my Dan kan jy ook 'n stukkie kry” Hy stamp dit netjies middeldeer, En raai net wat het toe gebeur? Hy gee vir my die leë dop En eet toe self die binneste op!	<u>MAAR NET 'N DROOM</u> Klein Kietsie-kietsie-kat Slaap te lekker op 'n mat In sy slaap voel hy so bly, Want hy droom van 'n muispastei! Muispastei en lekker room, Net wat katte graag oor droom! Maar as Kietsie wakker skrik, Voel hy glad nie in sy skik. Waar is tog sy muispastei? Foeitog, dis sy neus verby! <i>Beatrix Viviers</i>

GRAAD 1 SEUNS

(Een van die volgende)

<u>VISVANG</u> As Oupa praat van visvang Dan is ek eerste daar.	<u>GESIGTE TREK</u> My snaakse broertjie het so graag Skewemond vir my getrek.
--	---



Met stok, katrol en aas
Is ek mos vis se baas.

Maar Oupa sê: "Dis net geduld
Wat jou 'n vis laat vang.
En as jy dink jy is die baas,
Moet jy maar weet jy's Klaas!"

Theresa van den Berg

Hy steek sy tong uit, draai sy oë
En ook sy nek word uitgerek!

"Hou op met skewemond te trek,
'n Trein mag fluit of klok mag slaan"
Pas gesê ... of dit gebeur
Toe het sy mond so skeef by staan!

Helene JF Lochner

GRAAD 2 DOGTERS

(Een van die volgende)

MY OUMA

My ouma brei nie true nie,
Ag néé, sy sê sy's hip.
Sy sê sy koop nie wol nie,

AMOK

Mammie koop 'n nuwe hoed:
Vol strikke, linte en allerhande goed.
Want Saterdag trou tant Willemien –



Die skapies het nou griep.

My ouma bak g'n brode nie,
Ag néé, sy sê sy's mod.
Sy sê sy knie nie deeg nie,
Is ek nou skoon verspot?

My ouma dra nie bolla nie,
Ag néé, sy sê sy's koel.
Sy soek nie naalde in haar hare nie,
Dis vir ou anties bedoel!

Tania du Toit

'n deftiger troue is nog nie gesien.

Buite in die tuin wei boerbok Peet.
Net wat sy oë sien, wil hy mos vreet:
Dis Sus se pop en snye koek,
Koerantpapier, selfs Boet se broek.

Hoe dit gebeur het, sal niemand ooit raai,
Maar bok se kind het die hoed geskaai.
Toe Mammie woedend buite kom,
Sluk hy nog net die laaste blom.

EK WORD WAKKER LAAT EEN NAG

Ek word wakker laat en nag
Want ek hoor iemand snik baie sag.
Dis al die tyd my baba-pop wat huil:
"My rok is stukkend, my beentjies is vuil"
Niemand is eintlik vir my lief,
My mamma behandel my baie stief!"
Toe wip ek gou-gou uit die bed
Want sy's die beste poppie wat ek het.
"Ag nee, poppie-lief, jy's regtig laf
Kom ek vee gou jou lyfie met 'n waslap af.
Nou trek jou skoon aan, net watter rokkie jy wil hê
En ek sal jou nooit weer op die vloer laat lê!"

MONSTERMASKER

Vreemde dinge gebeur as ek
my monstermasker aantrek ...
Pappa skrik hom asvaal,
My ma gil hard en lank,
Boetie gaan kruip weg
agter die sitkamerbank.
Die kat se hare
staan regop op haar rug,
terwyl arme ou Wagter
stert tussen die bene vlug.
Agter daardie masker
is dit maar net ek,
maar vreemde dinge gebeur
as ek my monstermasker aantrek ...

Jaco Jacobs



GRAAD 2 SEUNS

(Een van die volgende)

<u>DIE MOTOR WAT Vlieg</u> “My pa het ‘n motor, weet julle, Sê Piet, “wat so vining kan loop Soos ‘n Mauser kan skiet.” Toe sê tant Lena se Corrie: “Kêrels, my pa het ‘n tjorrie, En as hy met hom Pretoria toe ry Is daar geen een wat voor hom kan bly.” “My pappa se kar,” sê klein Theo, “kan vlieg!” Maar toe sê ons: “Theo, hoe kan jy so lieg!” <i>Abraham Fouché</i>	<u>HOMPIE KEDOMPIE</u> Hompie Kedompie sit op die wal, Hompie Kedompie vra: “Is jy mal? Dink jy ek gaan wêér afval? Na my laaste ongeluk het ek baie groot geskrik. Vanoggend het ek my sitvlak stewig met houtlym laat vasplak. My agterwêreld is goed vasgelym, loop soek iemand anders om oor te rym!” <i>Jaco Jacobs</i>
<u>RIEKSJA – MAN</u> Ek is ‘n wilde rieksja – man Ek spring so wat ek kan. Ek sjoel tot hoog in die lug En rieksja dan weer terug. Ek het twee horings aan my kop En dra ‘n vrolike kraletjiesrok. My bene is vol rieksja – goed, En op my kop sit ‘n doemela – hoed. Rieksja, rieksja, wie wil ry? My karretjie is leeg en vry. Betaal maar net ‘n rand, Dan dra ek jou na Speelgoedstrand.	<u>NIE STERK NIE, MAAR SLIM</u> Katjie is vir Brakkie bang, Want Brakkie wil vir katjie vang; Tog is kleine katjie slim, Hy’t geleer om boom te klim. Nou sit Katjie op ‘n tak, En onder staan die kleine brak. Brakkie blaf: “Wa-a-waff! Kom aff!” “Ek sal nie, Brak, jy kan maar blaf, Hier is ek nie bang vir jou – As jy sê “Waff!” sê ek “mie-ou!” Jy moet in jou spoortjies trap, My naels is skerp en ek kan krap!” <i>Beatrix Viviers</i>



GRAAD 3 DOGTERS
(Een van die volgende)

VURINA VUURVLIEGIE

Vurina Vuurvlieg, 'n fyne dame,
 Het tog só 'n groot probleem.
 Haar blasie mag net nooit vol raak,
 Want sy is reeds al aangekla
 Van brandstiging in die hoogste graad.
 Met piepie van pure paraffien
 Kon sy glad nie die gevolge voorsien.
 Boonop was dit nie haar skuld nie
 Dat Sjeef Sjongololo so lank moes neem
 Om sy broekies los te maak.
 Sy kon dit nie meer inhou nie,
 O, haar lyfie was so warm –
 Toe brand daai grasdak darem,
 Al het sy als probeer
 Om daardie piepie te keer.

Myra Scheepers

TWEE MAATS

Die maan loer oor die toring –
 Die toring van die kerk,
 Hy soek vir Uil, sy beste maat,
 Totdat hy hom bemerk.

“Goeienaand, ou maat, hoe gaan dit?”
 “Ag, ek is baie siek!
 Dit lyk of ek die kanker het
 Of anders die koeliek!”

“Ag, kom nou, Uil, laat staan tog maar
 Jou kermery en sugte!
 Jy weet jy's siek van al die steel
 Van Dominee se vrugte!

Jy weet koejawels is sleg
 Vir afgeleefde mense.”
 Nou't hy die waarheid goed gehoor.
 “Goeiendag! My beste wense!”

Henriette Pienaar

PARTYTJIE TYD

Dis Vrydag my verjaarsdag.
 Ek word 'n volle agt.

 Hoe gaan ek dit vier?
 Wat vra jy my nou:
 Is jy seker dat jy 'n geheim kan hou?

 Popcorn en flieks
 Koeldrank en swiets
 Pajamas en kussings
 Vergeet ek nou iets?

 My vriendinne gaan natuurlik kom!
 Hoe hou jy nou vir jou so dom?
 Sanet en Klara
 Louise en Anell ...
 Nou't ek jou méér as genoeg vertel!!!

NUUSKIERIGE JUFFROU

My juffrou is nuuskierig, ja,
 want ai, sy vra so baie vrae:
 Hoeveel is dit, en wat bly oor
 as sente uit jou sak verloor.

Waar is links en waar is regs,
 waar is onder, waar is bo.
 Wat is baie, wat is min.
 Hoe lyk dik, en hoe lyk dun.

Een aand vertel ek vir my pa
 van al die vrae wat juffrou vra.
 “Nee man,” sê hy, “dis in die haak –
 Dis om japsnoetjies slim te maak.”

Cecelia Saayman

GRAAD 3 SEUNS



(Een van die volgende)

VREEMDE TAAL

In ons huis word 'n vreemde taal
Deur Sus en Boet gepraat.
Dis "chill" en "cool" en "check 'it uit" –
My ma het nie meer raad.

My ouma sê: "Ai tog, my kind."
My oupa sê: "O wee..."
My sus sê: "Julle, chill tog net,
Dis cool om so te praat."

Maar Pa sê: "Sulke brabbelspraak
Word nie toegelaat in die huis.
Ek sal dit net nie duld nie
Dat julle ons taal verguis."

Theresa van den Berg

DIE VIS

Ek is 'n wilde woeste haai
Wat jakker in 'n vreemde baai;
Ek flits deur water diep en blou
Om snoek te vang en kabeljou.

O, ek is 'n woeste wilde vis.
Hul koes maar as ek honger is,
Hul is bang vir my, ek swem so gou,
Ek spoor hul op en vreet hul rou.

Ek dartel oral heen en weer,
Die brandes slinger op en neer:
Hul breek in skuim, ek duik weer in,
Bo sien hul net my skerpe vin.

Nou gly ek oor die diep seesang;
Maar ag, daar's Ma weer buitekant!
"Spat jy al weer die vloere nat?
Karools, klim dadelik uit die bad".

Marie Niemeyer

VROEG GAAN SLAAP

My mamma sê ek is so stout
ek wil nie saans gaan slaap nie.
Maar dis nog buite heerlijk lig –
en ek is glad nie vaak nie.

Ek hoor hoe speel die kindertjies,
en Kienie hardloop rond
en ek moet in my bedjie lê
en slaap – al speel my hond!

Ek hoor hoe praat my ma en pa;
daar's iemand by die hek!
My ogies val so stadig toe,
en voor ek weet ... slaap ek!

Mavis de Villiers

OUPA SE BAARD

"Oupa", vra sy kleinseun
eendag 'n ou man,
"as Oupa saans moet bed toe,
hoe maak Oupa dan?
lê daardie baard ook onder,
of bo-op die kombers?
En, is Oupa nie bang nie,
Dit brand dalk in die kers?"

"Ho, ho, ha, ha!" lag Oupa,
en vee die lang baard glad,
maar kon die nag nie slaap nie,
die baard was in sy pad.
Eers onder die kombers toe bo
waai dit heen en weer.
Die môre vroeg sê Oupa:
"Nou word hy afgeskeer!"

GRAAD 4 DOGTERS (Een van die volgende)

MAMMA SE HANDSAK

DIE DRIE



Die bliep en tieng en tinge-linge-ling –
In Mamma se handsak is 'n selfoon wat sing.
Dis soek en sukkel om daai selfoon te kry
Want in Mamma se handsal wil niks ooit bly.

Mamma se handsak is baie vol:
Pepermente en papiertjies styf toegerol,
Daar's pleisters en goeters vir elke kwaal,
Selfs geld om brood en melk te betaal.

As Mamma uiteindelik haar selfkoon kry,
Is daar 'n boodskap wat haar hart verbly.
Dis net Pappa wat gou vir haar wou sê:
"Ek het jou lief en wil jou altyd hê."

Therese van den Berg

'n Huisvol, 'n handvol, 'n hartvol, die drie,
Klein Adrietjie, Inatjie, Madelkietjie
Drie woelwaters hulle, vol terglus en lis,
Te veel om te hê soms, te min om te mis.
"Die kinders" sê Moeder, "moet vroeg al getem
word
Want anders, vir onnut, sal hulle bestem word.
Wie kan in so 'n warboel nou huishou en boer?"
Albasters en poppe lê woës op die vloer.
En leesboekies, lappies, rek, mes, en die res:
Die een sing "Die Stem" en die ander dans Jazz!
"Ek hensop, ou vrou, met die groei word ek
wyser,
Sonder kind was die wêreld, ek wed jou, veel
gryser.

Theo Wassenaar

DIE KONYNTJIE

Hasie Kalbas vryf sy ogies,
En vryf sy ogies weer –
En Hasie vryf sy ogies
Nog vir die derde keer.

Verbyser loer Kalbassie
Na die mooie witte dier,
Met haar lang en sagte hare
Wat maak die nooientjie hier?

Hasie se hart klop vinnig –
Die nooientjie is so fyn
Met haar pels van silwer hare
En ogies van robyn!

En Hasie maak 'n buiging,
Sy hoedjie in sy hand,
Maar die diertjie skrik geweldig –
En vlug deur die mielieland!

Nou voel die haas so treurig,
Sy hartjie is vol pyn –
Maar Nig Dassie spot hom vreeslik
Met sy blonde mak konyn!

Tienie Holloway

SULKE VARKE!

SprokieGenoot het verneem
dat die Drie Varkies beoog
om een van die dae
op 'n groot skaal te betoog.

Varkie 1: "Ek dink dis hoog tyd
vir betoogtyd. Oi-oi-oi-oi!
Wonder mense wraggies nog
waaroor ons wil toyi-toyi?"

Varkie 2: "Dis skokkend. Dis walglik.
Ek verloor somer my aptyt.
Hulle eet glo ham, varkworsies
en spek-en-eier vir ontbyt!"

Varkie 3: "Ek kan nie glo mense
is so verskriklik wreed nie.
Hulle hou van sprokies, maar skroom nie
om die hoofkarakters te eet nie.

Jaco Jacobs

GRAAD 4 SEUNS (Een van die volgende)

DIE ONGELUK

Arme Koekie seep

VOETBAL SPEEL



het 'n ongeluk gekry. Haar lyfie was te glad en toe het sy gegly. Binne – in die bad, daar lê die arme ding. Netnou begin sy smelt – as sy tog net kon spring! Ag tog, hoe naarl Al kleiner, kyk! Teen more is sy niks! Maar wag, wat hoor sy daar? Klein Isak word gewiks. Gaan dadelik jou hande was, en nooit weer aan jou vingers lek! Klein Isak gaan, en een, twee, drie, is koekie Seep weer op haar plek. (Bessie Kotze)	Die seuns is na die voetbalveld Daar sit hul orals rond Kouse, skoene, baadjies uittrek, Laat lê maar op die grond! Die kante word nou eers gekies Dit is 'n kaalvoetspan, Wat skrum en skop en vang en loop, So hard as hulle kan. En Jan, die domkop van sy klas, Is op die voetbalveld, Vir die wat kyk, en die wat speel – Niks anders as 'n held! Hy loop soos wind en vang nooit mis. Hy plant jou op jou kop: So lank as jy nog gras eet daar, Het hy 'n doel geskop! <i>J F Lochner</i>
<u>SPOOKSTORIES</u> Die nagwind treur sag deur Die bome daar buite, En maanlig skyn flou op My kamer se ruite. Hier bo, uit die donkerte, Roep 'n ou uil – Daar ver oor die bult gaan 'n hond aan't huil. My sussie en ek sit Met groot oë en bewe; Ek sidder en bibber, Al is ek al nege. Benoud klop my hart Doef! Doef! Doef! In die duister Terwyl ons na Oupa se Spookstories luister! <i>Anoniem</i>	<u>KATTAKAT SE PLAN</u> Vandag moet Vetmuis uit haar huis uit kom Besluit meneertjie Kattakat. Hy het dae laas geëet En sy maag is plat. Hy sit sy mooiste glimlag op En stryk sy snorbaard glad. Tok-tok-tok klop hy gallant, “Wie's daar?” wil sy eers hoor. “Jou goeie vriend, my skat” Sê hy En sit sy beste voetjie voor “Goeiemôre, mooiste meisie! Ek is so lief vir jou. As jy my nou die jawoord gee, kan ons maar dadelik trou!” “O ja,” sê sy, “dit wil ek baie graag . . . maar wat hoor ek so raas? Is dit miskien die weer, of dalk 'n leë maag?” <i>Cecilia Saayman</i>

GRAAD 5 DOGTERS (Een van die volgende)

<u>STOUTE PAPEGAAI</u> My oupa het 'n grasgroen papegaai Wat heeldag snater en lawaai. As jy hom terg, is hy éérs erg.	<u>HANGBRUG</u> Hul's almal oor En kyk nou terug. Tenk skreeu: “Pasop! Die brug
---	--



Hy jaag jou weg en sê jou sleg! My oupa dink sy papegaai Is tog te slim en tog te fraai. Maar Ouma vra: "Nou watter nare woordeboek Leer daardie voël so lelik vloek?" Kyk net hoe loer die klein parmant, Hy wag vir Ouma om haar rug te draai. Dan skrou die bloubek-papegaai: "Gaan in jou maai!" Die vere gaan vir seker waai, Want Ouma sê daai papegaai Gaan sy nog eendag nek omdraai. Maar raai, daar skree hy weer: "Gaan in jou maai!" <i>Zandra Bezuidenhout</i>	Hang los in die lug!" Sê nou 'n spar gee mee onder my? Of dalk is die kabels al deurgeroes ... Of dalk raak ek dun soos 'n lat en gly Deur 'n spleet na onder Waar die water woës Wit – skuimend donder. Die ander wag almal Op die oorkantste krans Maar die brug maak my naer Met sy skommeldans Tussen hier en daar. Hulle staan aan die oorkant En waai vir my koebaai. Dan begin almal skreeu: "Haai, ons spaai 'n bang Meraai!" <i>Uit: Ruimland 3</i>
<u>GELUKKIGE VERJAARDAG</u> Een van die dae sal Ouma verjaar en wat ons haar gaan gee, weet Pa al klaar. Haar aftreehuisie is lankal vol en groot geskenke sal net lol. Ouma wil vreeslik graag motorfiets ry en dis presies wat sy gaan kry. Oom Wick kom haar met sy Harley oplaai en dan gaan gooi hulle 'n wye draai. Met haar wortelrooi hare pas Ouma op 'n bike en aan haar voete dra sy altyd Nikes. Ouma is cool, dis al wat ons sê ons wil geen ander ouma in die wêreld hê! <i>Johan J Brown</i>	<u>NUUS OF NIES</u> Daar is baie soorte nuus, maar ook baie soorte nies. "Atiêso! Atiêso! Atiêso nog 'n keer! Ag dis hooikoors, kind, wat my verrinneweer." So sê Ouma Tooï, as sy so baie nies. "Aa . . . tiêshou! Dankie my hart, vir 'n daalder en 'n kwart, met 'n bokstert daarby, dan kan jy my kry!" Dis Oupa wat so mooi kan sê en ook so hard kan nies. "Etié! Etié! Etié!" Dis tannie Het, haar nies is toegeknyp, toe sy klein was het dit seker in die Vrystaat doodgeryp. Ons klein bababoet kan ook al amper nies, maar hy't nie klaar geleer nie, jy hoor net: "Tie! Tie! Tie!" ek is sy grootboet nou: "Aaa . . . tié . . . sou!" O tyd, hoor nou! Hier kom Mamma, gou! "Stil maar, stil maar, skapie. Wie nies jou uit jou slapie?" <i>José Louw</i>
GRAAD 5 SEUNS (Een van die volgende)	
<u>PREDIKASIE</u> Geliefde gemeente, hier staan ek nou Om weer my Sondagpreek te hou En , kan ek nie meer verder gaan, Begin ek weer van vooraf aan:	<u>BY DIE ATLETIEKBYEENKOMS</u> 'n Padda met 'n spierwit frokkie aan wil na 'n atletiekbyeenkoms gaan. Almal sê mos hy kan nie sing; nou wil hy wys hoe hy kan spring.



Farao verdruk die nasie – Hier begin die predikasie Israel aanbid die kalf – Hier's die predikasie half. Deur die Dorsland veertig jaar – Predikasie amper klaar. Ramshoring en trompetgeskal – Jerigo se mure val Israel 'n vrye nasie – Einde van die predikasie Joshua blaas op sy fluit – Kollekteer.... Die diens is uit Die liefdegawe ingesamel Lyk my besonder skraps en skamel, En in vervolg mag net die sing Wat Sondag hul kollekte bring. Ek hoop dit is nou goed verstaan Koster, hef die slotsang aan! Amen! A.G. Visser	Ge oefen het hy dag na dag; lepels stroop geëet vir baie krag. Hy sal hulle 'n ding gaan wys: hy gaan wegstap met die eerste prys. Al die verspringers staan in 'n ry. Padda trippel rond om sy spiere los te kry. Skielik blaas 'n fluitjie hard en skril - verskrik bly al die diere stil. Dis koning Leeu wat op die fluitjie blaas. Hy's woedend; hy gaan baie raas. Almal is bekommerd; Wat kan skeel? Padda voel 'n benoudheid in sy keel. Die koning swaai sy septer hoog en kyk Padda reg in sy verskrikte oog. "Jy moet dadelik pad gee hier," brul hy Arme Padda gee sluk op sluk. Verleë begin hy aan sy frokkie pluk. Skamerig kyk hy om hom rond Toe kyk hy vinnig op die grond. O alle wêreld, o liewe tyd: nee ! Nou weet hy waarom almal lag en skree. Hy was só haastig om sy bene te kom rek: hy't vergeet om sy broekie aan te trek ! (B Visser)
<u>LEKKERBEK</u> 'n Lekkerbek is ek, Ja glo my, ek is gek Oor moltone op koue rys Of monsterdsous oor muishondvleis. Die beste, ja, my gunstelingdis Is slym en vla oor warm vis, Of wat van kerriemier reg ingemaak Met spoor van slak en vlermuisplaak? Vir nagereg wil ek graag hê: Vliegvluk goed ingelê, Muskietboud in diep vet gebraai, Gerol in suiker, koud gewaai, Of kathare in melk gedoop Met jellievies en gouestroop. Maar waarvan ek nog mèèr sou hou Is net èen hap, selfs net die geur Van daai heerlike sappige peer van jou! Jan Esterhuyse en Tobeia Brink	<u>MONSTERMOLES</u> Sproetgesig klein Faan met sy Batman-klere aan voel alte selfvoldaan: al die monsters wat saans skuil onder sy bed en hom laat huil gaan hy met sy swaard verslaan! Met 'n boem bam doef daf draf hy gou dié skurke kaf. Maar o aarde, keer! Kyk nou wat het gebeur: Faan het sy toon beseer En sy matras is verrinneweer. Voor jy tot tien kan tel het sproetgesig klein Faan 'n slimme plan beraam: Hy moet net gou vir Pappa bel (op sy nuwe tjoklit-sel) voor Kleinsus eerste vir Mamma vertel! Albi Prinsloo

GRAAD 6 DOGTERS(Een van die volgende)

<u>LIEFSTE DAGBOEK</u> Vandag was die perfekte dag! Vol son en see en speel en lag. Ek het 'n nuwe maat gemaak,	<u>IN DIE EKSAMENSAAL</u> "Boeke oop, koppe af" Kom die opdrag van Meneer maar 'n kussing en 'n bed is nou al wat ek begeer.
---	---



Dit voel of ek vlieg, my voete nie raak. Hoe lank wag ek al my liefste boek? Ek't begin dink ek gaan vir ewig soek! Sy hou van tennis en fietsry en lees – Kan jy glo dat ek so gelukkig kan wees? Vroeg more oggend gaan ons op die rotse stap, Dalk sien ons vissies, miskien 'n groot krap. Vir ewig sal sy bly diep in my hart. My liefste vriendin, Annamart.	Vanuit die hoek van die klas loer 'n rottang vir my! As ek die dag wil oorleef sal ek moet wakker bly. Die horlosie tik te stadig elke sekonde martel my 'n mens kry net niks geleer hoe gaan ek dan wakker bly? Die geritsel van die waaiers fluister saggies in my oor "Jy moet slaap, lekker slaap" Ek sal maak of ek nie hoor. Ek sal... ek kan... ek moet... Maar my ooglede baklei. Die waaiers wen die stryd Tot sy rottang my kom kry. <i>Lourien Leeuwner</i>
<u>OM GROOT TE WORD</u> Om groot te word Is so tussenin. Grootmensdinge is nog ver, Kinderdinge word min. Kom ons lag weer vrolik Vir die maan se vet, geel gesig. Kom ons bring die trane Oor 'n dooie voëltjie terug. Kom ons eet weer slap-tjips En lek ons vingers af. Kom ons word weer kinders. Kom ons word weer laf! Nou huil ons in 'n kussing En wonder waarom. Nou raak ons velief En dink die wêreld glimlag krom. Nou's ons so tussenin, valsnoet, Want: ons word groot <i>Maryke Heyns</i>	<u>DIE VERSTROOIDE PROFESSOR</u> 'n Professor wat een oggend 'n lesing moes gee bring al sy gedagtes saam kamer toe mee. Al peinsend gaan hy in die kamerdeur staan en dink: "Dit word tyd dat ek bed toe moetgaan." Opeens hoor hy iemand skuif onder die bed. Hy dink: "Van 'n dief hoort ek my mos te red." Hy staan dus weer terug en roep bars: "Wie is daar?" "Niemand nie," sê die skelm. "Hier's glad geen gevaar." "Nou, dan het ek my mos so waarlik misgis, want ek was tog seker dat hier wel iemand is." Hy stap dus weer nader met peinsende tred. "Ek het waarlik gedink hier's een onder die bed." <i>Sannie Steyn</i>

GRAAD 6 SEUNS (Een van die volgende)

<u>EXPENSIVE EKSTRATJIE</u> Ek stap eendag in 'n geskieterij Van 'n TV-film op Cape Town station; 'n Man wave sy vingers En vra vir 'n klompie ekstras "Djy en djy," En ek da by! En da staan ek soos Roger Moore Roem en sterredom, wag ek kom!	<u>MEISIEKINDERS</u> Meisiekinders is mooie goed. Met rokkies en skoentjies En glimlaggies so soet. Meisiekinders is oulike goed. Met grappies en stories Tot 'n pop met 'n hoed!
---	--



Ons word geskiet so elke uur
Want ons moet wag vir 'n Cape Flats-trein,
Die Ekstra gaan mos ekstra laat kom,
By die werk, ja, maar nie vir sterredom.

Nou as ek op TV gaan wees
Dan moet ammal mos sien my technicolour taai.
So, dadelik koop ek 'n colour TV
En nooi al die ere-menere van die dorp

Die huis is vol van my admirers
Wat gekom het om die superstar te sien.

"Hier kommie trein!
Hou dop nou mooi,
Hou dop nou mooi!
Daa's twaalfde van links!"

Ma voor hulle kan sien
Is alles
Verby

Pieter Snyders

Meisiekinders is slimme goed.
Kan somme doen en tel,
En sing so soet.

Meisiekinders is nuuskierige goed.
Wil elke dingetjie weet,
Maar geheim hou, se voet!

Meisiekinders is ander goed.
Klein en fyn en fraai,
Met arms vol moed.

Maar ...

Meisiekinders is môre se goed.
Want vandag is daar net tyd
Vir hardloop en speel en lag dat dit toet!

DIE AANSTEEKBORD

Aan dié paadjie het my voete gewoond geword:
vroeg, elke Vrydag, na die aansteekbord.

Ek soek in die skrum
tussen elke stormram.

Ek soek in die lyn
waar my naam moet verskyn ...
aan dié bord het my bril gewoond geword:
waarom is dit my naam wat altyd skort?

Aan dié paadjie het my voete gewoond geword:
weg, elke Vrydag, van die aansteekbord.
